NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

# KERKORDELIKE PROSESSE WAT GEVOLG MOET WORD BY

# ’N SAMEWERKINGSOOREENKOMS TUSSEN GEMEENTES; SAMESMELTING VAN GEMEENTES; OF ONTBINDING VAN ’N GEMEENTE

## SAMEWERKINGSOOREENKOMS: KONTROLELYS VOLGENS ORDINANSIE 2.7 VAN DIE KERKORDE

| MERK | TAAK | VERWYSING |
|---|---|---|
| | Kerkrade besluit formeel om te versoek dat gemeentes saamwerk (notuleer besluit) | 2.7.1–2.7.2 |
| | Aansoek om samewerking skriftelik aan die ring gerig | 2.7.3 |
| | Samewerkingsooreenkoms na konsultasie tussen kerkrade opgestel, in oorleg met ring | 2.7.4 |
| | Reëlings in ooreenkoms oor eredienste (plek, tyd, verdeling) soos ooreengekom | 2.7.4(i) |
| | Reëlings met betrekking tot pastorale werk soos ooreengekom | 2.7.4(ii) |
| | Besonderhede van dienswerk van predikant(e) in die gemeentes soos ooreengekom | 2.7.4(iii) |
| | Ligging van predikantswoning soos ooreengekom | 2.7.4(iv) |
| | Verpligtinge ten opsigte van versorging van predikant soos deur kerkrade ooreengekom | 2.7.4(v) |
| | Verdeling van ander onkoste soos deur kerkrade ooreengekom | 2.7.4(vi) |
| | Duur van ooreenkoms bepaal | 2.7.4(vii) |
| | Bepalings vir beëindiging van ooreenkoms uiteengesit, insluitend implikasies vir predikant(e) | 2.7.4(viii)(x) |
| | Samewerkende kerkraadsvergadering saamgestel en funksionarisse aangewys | 2.7.4(ix) |
| | Reëlings rakende predikant wanneer ooreenkoms eindig | 2.7.4(x) |
| | Ringskommissie keur samewerkingsooreenkoms goed; stel Kommissie van die AKV in kennis en stuur ’n afskrif van die ooreenkoms. | 2.7.5 |
| | Reëlings met betrekking tot bestaande predikant(e) en/of beroep van ’n predikant | 2.7.5 – 2.7.6 |
| | Bevestiging van predikant hanteer waar nodig | 2.7.7 |
| | Versoek om beëindiging van samewerking met skriftelike redes vir beëindiging by die ringskommissie ingedien, met kennisgewing aan die Kommissie van die AKV | 2.7.8 – 2.7.9 |
| | Ringskommissie besluit oor beëindiging na oorleg en sien toe dat al die voorwaardes daarvoor deur beide gemeentes nagekom word | 2.7.10 |

| SAMESMELTINGSOOREENKOMS: KONTROLELYS VOLGENS ORDINANSIE 2.8 VAN DIE KERKORDE | | |
|---|---|---|
| **MERK** | **TAAK** | **VERWYSING** |
| | Die betrokke kerkrade voer gesprek oor die noodsaak of wenslikheid van samesmelting en stel die ringskommissie en Kommissie van die AKV skriftelik van voorneme in kennis | |
| | Gemeentevergaderings voer gesprek en besluit | 2.8.1 |
| | Ontwerp voorgestelde samesmeltingsooreenkoms in oorleg met ringskommissie | 2.8.2 |
| | Kerkraad of kerkrade wys ’n persoon/persone aan om die volgende kontraktuele verpligtinge tot sluiting te bring en notuleer dit behoorlik: | |
| | - Oordrag van eiendom na nuwe gemeente | |
| | - Oordrag van kontrakte | |
| | - Sluiting van bankrekening/e | |
| | - Deregistrasie van inkomstebelasting, LBS en WVF | |
| | - Skeidingspakkette vir ampsdraers indien nodig | |
| | - Finale oudits en vereffening van finale rekeningstate van die Sinodale Dienssentrum | |
| | - Die indiening van argiefmateriaal – lidmaatregisters, notules ens | |
| | Afsonderlike gemeentevergaderings aanvaar ooreenkoms met 2/3 meerderheid | 2.8.2 |
| | Datum van samesmelting vasgestel | 2.8.3(i) |
| | Grense van nuwe gemeente bepaal | 2.8.3(ii) |
| | Hantering van predikante: losmaking/beroep/ooreenkoms | 2.8.3(iii) |
| | Gesamentlike gemeentevergadering onder toesig van die ringskommissie konstitueer nuwe gemeente en implementeer samesmeltingsooreenkoms, verkies ampsdraers en kies ’n naam vir die nuwe gemeente | 2.8.2<br>2.8.4(i), 2.8.6<br>2.8.4(ii) |
| | Ampsdraers word in hulle ampte bevestig | 2.8.5 |
| | - Kerkraad wys 'n persoon/persone aan om kontraktuele verpligtinge namens die nuwe gemeente aan te gaan (resolusie om kontrakte te kan hanteer) | |
| | - Kerkraad besluit wie se handtekeninge op die bankrekening van die nuwe gemeente gebruik mag word en notuleer dit | |
| | - Kerkraad wys van ’n nuwe fidusiêre persoon vir SARS se doeleindes aan | |
| | - Kerkraad wys funksionarisse indien nodig | |
| | - Kerkraad besluit oor funksionering van finansiële komitee na samesmelting | |
| | Ringskommissie word geraadpleeg indien die betrokke gemeentes geen ooreenkoms oor predikante kan bereik nie. | 2.8.3(iv) |
| | Die gemeentevergadering besluit oor roerende en onroerende eiendom nadat advies van die ringskommissie en Raad van Finansies (slegs in geval van onroerende eiendom) ingewin is | 2.8.3(v)<br>9.2.2.2(ii) |
| | Besorg notuleboeke, registers, finansiële verslae aan die argief | 2.8.3(vi) |
| | Ringskommissie monitor nakoming en orde | 2.8.7 |
| | Ringskommissie gee skriftelik kennis van samesmelting aan Kommissie van die AKV | 2.8.8 |

| ONTBINDING VAN GEMEENTE: KONTROLELYS VOLGENS ORDINANSIE 2.9 VAN DIE KERKORDE | | |
|---|---|---|
| **MERK** | **TAAK** | **VERWYSING** |
| | Kerkraad (of desnoods ringskommissie) besluit omstandighede noodsaak ontbinding. Kerkraad stel ringskommissie en Kommissie van die AKV skriftelik in kennis | 2.9.1 |
| | Kerkraad stel skriftelike verslag met motivering op vir gemeentevergadering (stel vooraf beskikbaar) waarby die volgende inligting ingesluit is: | 2.9.2 |
| | - Redes vir ontbinding | 2.9.2(i) |
| | - Lidmaatgetalle oor die afgelope jare en demografie van die omgewing | 2.9.2(ii) |
| | - Finansiële posisie, langtermyn vooruitskouing en reëlings oor finansiële verpligtinge | 2.9.2(iii) |
| | - Kerkregtelike en juridiese implikasies uiteengesit | 2.9.2(iv) |
| | - Pogings (saam met ring & Raad van Finansies) om ontbinding te voorkom | 2.9.2(v) |
| | - Aanbevelings van ringskommissie ingesluit | 2.9.2(vi) |
| | - Uiteensetting van proses om gemeente te ontbind | 2.9.2(vii) |
| | Gemeentevergadering besluit in oorleg met ringskommissie met 2/3 meerderheid | 2.9.3(i)(ii) |
| | Kerkraad besluit en tref in oorleg met die ringskommissie reëlings vir losmaking van predikant volgens Kerkorde (waar van toepassing). Die kerkraad besluit oor skeidingspakkette van ampsdraers en werknemers waar nodig. | 2.9.4(i)(ii) |
| | Gemeentevergadering wys persone aan wat verantwoordelik is vir finale oudits en vereffening van finale rekeningstate van die Sinodale Dienssentrum (en notuleer dit so) | |
| | Gemeentevergadering wys persone aan wat verantwoordelik is vir oordrag van roerende en onroerende eiendom. Waar 'n gemeente ontbind, word die gemeente se onroerende eiendom na die Raad van Finansies oorgedra, volgens besluit 96 van 71ste AKV | 2.9.4(iii) |
| | Gemeentevergadering wys persone om dokumente te onderteken om alles tot sluiting te bring, onder andere bankrekeninge, kontrakte en deregistrasie van inkomstebelasting, LBS en WVF | 2.9.4(iv) |
| | Gemeentevergadering besluit oor handelinge om gemeente en gemeentelike vergaderings formeel te ontbind | 2.9.4(v) |
| | Die notule van die gemeentevergadering waar op ontbinding besluit word, word aan einde van dieselfde vergadering goedgekeur en deur die voorsitter en skriba onderteken. | 2.9.4(vi) |
| | Gemeentevergadering wys lidmate aan om notuleboeke/registers/ finansiële verslae aan die Kerkargief oor te dra | 2.9.4(vii) |
| | Voorsitter en skriba van die gemeentevergadering onderteken notules na goedkeuring | 2.9.4(viii) |
| | Na ontbinding van die gemeente is die konsulent of ringsvoorsitter verantwoordelik vir die ondertekening van alle dokumente met betrekking tot vervreemding van bates | 2.9.4(ix) |
| | Ringskommissie ontbind gemeente indien geen gemeentevergadering meer moontlik is nie | 2.9.5 |
| | Ringskommissie gee kennis aan die Kommissie van die AKV en die Raad van Finansies | 2.9.6 |